24.4 RAPPORT 4: KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – FASILITEITE NWU EN TSP (Art 191)

A. Dr D Lartz lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2012:491-492, 24.9. Die Sinode besluit: Punt 3 word verwys na die Kuratore.

3 Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

Omdat hierdie sake nou al in meer as een ooreenkoms ter sprake is, word aanbeveel dat daar by artikel 5 van die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU 'n kodisil gevoeg word.

3.1 Kodisil tot artikel 5

3.1.1 Die GKSA en die NWU behou elkeen eiendomsreg ten opsigte van sy onroerende eiendom en elkeen is afsonderlik verantwoordelik vir die onderhoud en instandhouding van sodanige eiendom en die betaling vir dienste en heffings.

3.1.2 Elkeen behou afsonderlik eiendomsreg ten opsigte van roerende bates soos toerusting, meubels, boeke en publikasies en sien toe dat dit uitkenbaar gemerk en in bateregisters beskryf word.

3.1.3 Pleeg besonderlik oorleg met mekaar met betrekking tot gemeenskaplike sake (toegangsbeheer, sekuriteit, instandhouding en verfraaiing van die terrein, wat insluit die vergoeding daarvan.

Besluit: Punt 1 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Die Kuratore het in November 2012 die volgende Rapport goedgekeur:

Rapport van Kommissie: Ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU rakende die gebruik en benutting van fasiliteite

1. Konstituering

Die Kommissie het bestaan uit ds LH van Schaik, dr D Lartz, proff J Smit, GJC Jordaan en F Venter (Adviseur). Weens uitstedigheid in die buiteland kon prof F Venter nie die vergadering bywoon nie. Prof GJC Jordaan is as gevolg van 'n operasie nie opgeroep vir die vergadering nie. Prof J Smit is genader vir sy insette en advies.

2. Opdrag

2.1 Die Algemene Sinode 2009 (2009:295) het die volgende besluit geneem rakende die gebruik en benutting van fasiliteite tussen die GKSA en die NWU: "Die Kuratore kry opdrag, om in oorleg met die Bestuur, die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU rakende die gebruik en benutting van mekaar se fasiliteite, by wyse van uitbreiding van die ooreenkoms, duidelik uit te spel".

2.2 Die Algemene Sinode 2012 (2012:492) het punt 3 van die aanbevelings van die Rapport van die Kuratore, naamlik die byvoeging van 'n kodisil tot art 5 van die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU, na die Kuratore verwys.

3. Uitvoering van opdrag

Die Kommissie het op 17/9/2013 vergader en wil soos volg aanbeveel

3.1 Dat daar nie 'n byvoeging tot art 5 van die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU rakende die gebruik en benutting van mekaar se fasiliteite gevoeg word nie.

3.2 Dat punt 3 soos volg omskryf word: “Dat daar jaarliks of van tyd tot tyd ‘n onderlinge ooreenkoms tussen die GKSA (Administratiewe Diensburo) en die NWU (Fakulteit Teologie) opgestel word rakende die gebruik en benutting van mekaar se fasiliteite. Hierdie ooreenkoms kan skriftelik of mondelings wees.”

Besluit: Punt 2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

3.1 Dat daar nie ‘n byvoeging tot art 5 van die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU rakende die gebruik en benutting van mekaar se fasiliteite gevoeg word nie.

3.2 Dat punt 3 soos volg omskryf word: “Dat daar jaarliks of van tyd tot tyd ‘n onderlinge ooreenkoms tussen die GKSA (Administratiewe Diensburo) en die NWU (Fakulteit Teologie) opgestel word rakende die gebruik en benutting van mekaar se fasiliteite. Hierdie ooreenkoms moet skriftelik wees.”

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).